Die voorsitter het Mnr. Moerdyk voorgestel. Hy is 'n argitek van Pretoria, en seun van Inspekteur Moerdyk van die Transvaal Opvoedings Departement.

Mnr. Moerdyk het 'n voorlesing gegee, met ligbeelde opgeluister, getietel

## AFRIKAANS ARGITEKTUUR.

Hy het met die vroegste neersetting in die Kaap begin en vertel van die geboue wat toe opgetrek is onder gesukkel. Al die goeie materiaal moes oorsee gebring word. Daar was graniet genoeg in die Kaap maar dit was baie kostelik te bewerk. Bakstene wat op die plek gemaak was was nie goed nie. So, waar dit nodig was om met plastiese materiaal te bou, moes hulle maar onbewerkte klippe gebruik of stene, en albei moes 'n dik pleister oor hulle kry om hulle van reen en wind te bewaar. Van gras vir dak was daar verskele soorte en ook riete en palmiete, maar dit was gevaarlik om strooidakke te hê want 'n vyand kon dit te enige tyd aan die brand steek. So is dit gekom dat die eerste koloniste plat dakke gemaak het gemessel en gepleister, en as hulle 'n strodak gemaak het, het hulle daaronder 'n "brandsolder" gesit, bestaande uit steene en pleister bo op die hout plafond, sodat die huis van vuur sou bewaard wees as die strooidak altemits gebrand word. Later is die mooi boustyle van Holland en van Frankryk ingevoer, deur Goewerneur Simon van der Stel en deur die Hugenote. Dit was die tyd wat boukuns op sy beste was in die lande en die geboue wat hulle in die kaap opgesit het toon dat die gees daarvan met hulle saamgekom het. Die krul in die gewel en die drie trappe is karaktertrekke van die ou hollandse styl wat ooraal aangetref word. Iets wat die ou mense baie van gehou het was die nommer sewe. Ooral kry je in die voorkant van die huise 'n deur in die middel en weerskante drie vensters, sewe openings tesame. Wat die grondplan betref, was dit byna seker dat je altyd een van twee grondplanne sal vind, (deur die lantern getoon,) met die voorhuis en twee slaapkamers voor en die eetkamer en nog slaapkamers agter. 'n Twee verdieping huis is in die tyd byna nie te vinde nie. Spreker weet van maar twee. In die Kaap word ettelike eksemplare aangetref van pragtige versierings van geboue, die werk van 'n genie genaam Anton Amreith. Hy het op die wyse uit Europa hierheen gekom. Daar was kompetiesie vir 'n prys vir die beste beeld van die Koning en hy het deel geneem. Sy model in pleister het in 'n saal gestaan wagtende met andere op besigtiging en iemand, (miskien met jaloersheid besield,) het daarin gekom en die neus van die nog nat model na een kant gedruk, sodat dit 'n belediging was vir die Koning. In die dae moes 'n mens oppas, as je die Koning beledig kos dit jou jou kop, so het ons vriend moes dadelik padgegee. Hy het gevlug en die eerste skip opgeklim wat moes seil, en dit was een wat na Suid Afrika moes kom. So het sy ongeluk 'n groot geluk vir ons land geword. Die lantern het 'n hele klomp van sy werk vertoon. Beginnende met die Kasteel te Kaapstad, het die voorleser 'n lange reeks van pragtige eksemplare van Kaapse argitektuur gewys, 'n verskeidenheid van beltorens ingesluit. Mnr. Moerdyk het gese hy hoop sy toehoorders sal nie onder die wees wat nooit na 'n gebou kyk om die styl daarvan te geniet en om wat pragtig is daarvan te admireer nie.

'n Votum van dank aan die twee voorlesers is deur Mnr. D. J. M. Jordaan voorgestel en hartelik aangeneem.

Ons bring ons dank aan die Kultuur Vereniging vir 'n seer genotvolle aand.

Wat hierbo staan is maar effentjies aangestip wat in die twee voorlesings was.

---